MEERKATNUUS

Belangrike datums

5 Februarie 2018	Personeelvergadering
	Laurus - Besoek 09:00 deur B. Ellis
	Veiligheids Vergadering
6 Februarie 2018	Bring & Braai - 18:00
	Beheerligaam Vergadering - 1
7 Februarie 2018	Krieket vs Bongolethu 0/13
	Detensie
8 Februarie 2018	Krieket vs Bongolethu 0/13
	Mini-Krieket Saturnus . Laurus
	Kluster vergadering 14:00
	WKOD Opleiding
9 Februarie 2018	Huiswerkboek kontrole
	Netheid Inspeksie
	Tuisnaweek
10 Februarie 2018	Oudtshoorn Prim skole byeenkoms - 8:00 - 13:00
12 Februarie 2018	Personeelvergadering - 14:00
	Leierspan vergadering
14 Februarie 2018	Detensie
	HOD's Grondslagfase
	Mini-Krieket - Laurus . Wesbank
16 Februarie 2018	Valentyns dinee
17 Februarie 2018	EDEN Laerskole Byeenkoms

Skoolhoof aan die woord…

Baie dankie dat u:

- elke dag u kinders **betyds** by die skool kry.
- kinders die korrekte **skooldrag** dra.
- kinders goeie **maniere** het; ander grootmense en mede-maats met respek hanteer.
- kinders **dankie** en **asseblie**f sê.
- u kinders leer om hulle **beurt** af te wag.
- u kinders aanmoedig om bo hulle vermoëns te **presteer** sonder om hulle te veel te druk!
- saam met u kinders **lag** en die lewe geniet.
- u kinders **reëls** leer en dit saam met hulle toepas.
- u kinders binne 'n **roetine** probeer grootmaak.

Lekker kwartaal

Me Ronelle Huysamen
SKOOLHOOF

Laerskool Laurus Mini-Krieket Dag 'n Groot Sukses!

Op Saterdag 3 Februarie 2018 het Laurus sy jaarlikse mini-krieket Meerkat Dag gehou. Dit was 'n wonderlike dag wat ondersteun is deur SWD krieket. Na afloop van 'n kort afrigtingskliniek het elke span 3 wedstryde gespeel. Dit is veral die 0/9's van Laurus wat uitgeblink het en al drie hul wedstryde gewen het.

Ons wil die ouers van ons dorp ook bedankie vir hul ondersteuning van ander mini-krieket.

Welkom aan ons nuwe onderwysers:

Baie welkom aan Meneer en Mevrou Vorster wat aangesluit het by ons span. Hy is by Intermediêre en Senior fase betrokke asook by ons Nasorg.

ATLETIEK:

Tydens die Sone 1 – Atletiekbyeenkoms op 1 Februarie het ons leerders spogprestasies behaal. Ons kan spog met 9 eerste, 14 tweede en 11 derde plekke.

Ons wil aan die 37 leerders wat Saterdag, 10 Februarie aan Oudtshoorn Streeksbyeenkoms gaan deelneem, baie sterkte toewens. Mag dit baie goed gaan.

Busvervoer

Daar is 'n moontlike busroete tussen Aurial College en Laurus skool. Ouers wat belangstel moet die kantoor laat weet. R300 per maand.

Ondernemingsvorms moet teen Vrydag almal ingehandig wees.

Jaarblad 2017

Daar is nog Jaarblaaie beskikbaar teen R80.



Bring en braai

Onthou bring en braai vanaand om 17:30

Sterkte vir die res van die kwartaal!